

GRAAD11

**AFRIKAANS HUISTAAL
VRAESTEL 1
JUNIE 2019**

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

NASIENRIGLYNE

AFDELING A: LEESBEGRIP

Nasien van die leesbegrip:

- Die fokus is op die begrip van die leestekste. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie, tensy dit die begrip/verstaan van die antwoord beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, mits die korrekte woord onderstreep of op die een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- Aanvaar dialektiese variasies.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie)**

1. 1	“skynbaar”✓	(1)
1. 2	“sportmanskap”✓	(1)
1. 3	grootmoedigheid/respekvolheid/bedagsaamheid/eerbiedigheid/nederigheid ✓	(1)
1. 4	Geld✓ Hoe meer jy wen, hoe meer geld is betrokke – sportmanskap bly in die slag, omdat elke span ten alle koste wil wen om finansiële voordeel daaruit te trek.✓	(2)
1. 5	Selfs op skoolvlak word sport nie meer vir die plesier beoefen nie✓ en oorheers die wenmentaliteit sportbyeenkomste.✓/Ook op skoolvlak wil elke span of individu ten alle koste wen (✓) en die plesier wat uit sportbyeenkomste geput moes word, bly in die slag.(✓) (Let asseblief op die twee kante wat omskryf moet word.)	(2)
1. 6	Sy beskik oor ’n doktorsgraad en is daarom gesaghebbend./Sy is ’n beradingsielkundige en beskik dus oor die nodige kennis/ondervinding/ervaring.✓ (Enige EEN)	(1)
1. 7	Nee. Vir beroepsportlui is die wenmotief allesoorheersend omdat sport hul brood en botter is en daarom is dit die uitsluitlike doel van hierdie sportlui om altyd te wen./Die swak sportmanskap wat deesdae tydens wedstryde sigbaar is, is ’n duidelike bewys dat sportlui ten alle koste wil wen en dat gesonde mededinging en sportmanskap aan die kortste end trek. Ja. Nie alle spanne en individue kan oor dieselfde kam geskeer word nie – daar is steeds sportmanne en -vroue vir wie die wenmotief nie allesoorheersend is nie en wat hul sport geniet, ten spyte daarvan dat hulle nie altyd aan die wenkant is nie.✓ (Beoordeel asseblief elke mening volgens die sinvolheid daarvan. Leerders kan ook ja en nee in dieselfde antwoord motiveer. Voorbeelde uit die artikel moet ook hier aanvaar word.)	(1)
1. 8	Etiese beginsels dui op ’n gedragskode wat vir die gemeenskap aanvaarbaar is./Etiese beginsels beteken om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is,	(1)

	of wat goed en kwaad is./Dit is die “reëls” waarbinne elke mens moet optree sodat sy gedrag vir die gemeenskap aanvaarbaar is.✓	
--	---	--

1.9	<p>Jy moet hom met respek/eerbied behandel.✓</p> <p>Nee. Almal is menslik en is gepanne tydens wedstryde, sodat humeure dikwels opvlam en spelers disrespekvol teenoor mekaar op die veld of baan optree.</p> <p>Ja. Elke speler of deelnemer het die verantwoordelikheid om sy mededingers te respekteer en alhoewel dit nie altyd maklik is nie, is dit tog moontlik om jouself te betuel en jou mededinger in ag te neem.✓</p>	(2)
1.10	<p>Die reëls van die spel moet nagekom word en die skeidsregter se beslissings moet aanvaar word.✓</p> <p>(Eie woorde word nie hier vereis nie.)</p>	(2)
1.11	<p>Ja. Die vrae betrek die leser by die problematiek van die allesoorheersende wenmotief en swak sportmanskap en dwing hom om daarvoor na te dink./Die vrae spreek die problematiek rakende die allesoorheersende wenmotief en swak sportmanskap aan, daarom is dit effektief.✓</p>	(1)
1.12	<p>Dit sal jou help om ander te respekteer, om uitdagings te kan hanteer, om eties teenoor ander op te tree, om gesag te aanvaar, om volgens die reëls van die samelewing op te tree, om te beseft dat jy nie altyd die wenner kan wees nie.</p> <p>(Aanvaar enige soortgelyke antwoord.)</p>	(1)
1.13	<p>Uitdagings is deel van die lewe.✓</p> <p>(Eie woorde word nie vereis nie.)</p>	(1)
1.14	<p>Hy was betrokke by talle suksesvolle/internasionale spanne✓ en het die neiging dus self ervaar/het eerstehandse ondervinding daarvan.✓</p> <p>(Die vraag moet binne die konteks van die spesifieke paragraaf beantwoord word.)</p>	(2)
1.15	<p>Hoe meer jy wen, hoe meer word jy deur die gemeenskap bewonder of geprys.✓</p>	(1)
1.16	<p>“onrealistiese verwagtinge”✓</p>	(1)
1.17	<p>“emosioneel oorweldigend ”✓</p>	(1)
1.18	<p>Die titel suggereer wenke of maniere oor hoe om goeie sportmanskap te openbaar, terwyl paragraaf 19 spesifieke wenke aan die hand doen om goeie sportmanskap te waarborg.✓</p> <p>(Die antwoord moet die titel sowel as paragraaf 19 betrek.)</p>	(1)

1.19	<p>Dit dui daarop dat die individu altyd sy beste moet lewer./Die mens/sportman moet altyd poog om sy beste te lewer in alles wat hy/sy doen.✓</p> <p>Ja. Indien ouers die gewoonte by kinders aanleer om gesond te kompeteer en hul beste te lewer, sal dit hulle vir die res van hul lewens bevoordeel.✓</p> <p>Nee as antwoord is nie motiveerbaar nie!</p>	(2)
1.20	<p>Die bulle.✓</p> <p>Die bul lyk vreesaanjaend met sy gemene ogies, wrede trek om die mond en die asem wat hy uitblaas.✓</p> <p>(Een motivering is voldoende.)</p>	(1)
1.21	"katjie"✓	(1)
1.22	"tornado"✓	(1)
1.23	"oranje kat"✓	(1)
1.24	Wenmotief/swak sportmanskap✓	(1)
	TOTAAL AFDELING A:	30

,

VERSPREIDING VAN KOGNITIEWE VLAKKE: VRAAG 1									
VLAK 1		VLAK 2		VLAK 3		VLAK 4		VLAK 5	
1.4	1	1.1	1	1.3	1	1.7	1	1.10	1
1.10	2	1.2	1	1.4	1	1.9	1		
1.13	1	1.6	1	1.5	1	1.11	1		
		1.16	1	1.6	1	1.12	1		
		1.17	1	1.9	1	1.19	1		
		1.21	1	1.14	2				
		1.22	1	1.15	1				
		1.23	1	1.18	1				
				1.19	1				
				1.20	1				
				1.24	1				
4		8		12		5		1	
12				12		6			
40%				40%		20%			

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming:

- Daar word nie van die kandidate verwag om die opsomming van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet hul opsomming in hule eie sinne in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte aantal woorde aandui.

Punte word soos volg toegeken:

- 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
- 3 punte vir taal
- Puntetotaal: 10

Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:

- 1 – 3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4 – 5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6 – 7 feite korrek: ken 3 punte toe

Verspreiding van taalpunte wanneer kandidate woordeliks aangehaal het:

- 1 – 5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe
- 6 – 7 direkte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie.

LET WEL:

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die aantal woorde aangedui het nie, of as die aantal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die maksimum aantal woorde oorskry word, lees tot aan die einde van die sin waarin die 90 woorde voorkom en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste voordele bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

Aanhaling uit teks		Moontlike bewoording	
1	Sorg dat jy in 'n stil omgewing leer, weg van die TV of enige iets wat 'n geraas maak.	1	Leer in 'n stil omgewing en weg van goed wat raas. (11)
2	Organiseer jou lessenaar sodat daar genoeg spasie is waar jy jou skryfboeke, handboeke en skryfbehoeftes kan uitpak.	2	Maak seker jou werkspasie is skoon en georganiseerd. (8)
3	Stel vir jouself 'n studierooster op wat pouses of rustye insluit, probeer om vir 'n uur te studeer en neem dan 'n kort ruskans.	3	Stel 'n studierooster op met kort rustye tussenin. (8)
4	Drink genoeg water en eet gesonde versnaperings. Dit kan help dat jy goed fokus en konsentreer.	4	Drink genoeg water en eet gesonde peuselhappies/verversings om te fokus en te konsentreer. (13)
5	Maak seker dat jy die oggend voor jy skryf 'n gesonde ontbyt eet. Dit is belangrik sodat jy gefokus kan bly en nie dink aan jou maag wat onder die bank grom nie.	5	Kry al die energie deur 'n goeie ontbyt te eet voor jy gaan skryf. (14)
6	Sit jou selfoon af wanneer jy studeer, anders sal jy nie kan konsentreer nie.	6	Skakel jou selfoon af sodat jy kan konsentreer as jy studeer. (11)
7	Die belangrikste is om in jouself te glo en jy sal goed doen tydens die eksamen. Met 'n positiewe houding is die stryd al reeds halfpad gewen.	7	Glo in jouself en wees positief oor jouself. (7)
Paragraafvorm:			
Leer in 'n stil omgewing en weg van goed wat raas.✓ Maak seker jou werkspasie is skoon en georganiseerd.✓ Stel 'n studierooster op met kort rustye tussenin.✓ Drink genoeg water en eet gesonde peuselhappies/verversings.✓ Kry al die energie deur 'n goeie ontbyt te eet voor jy gaan skryf om te fokus en te konsentreer.✓ Skakel jou selfoon af sodat jy kan konsentreer as jy studeer.✓ Glo in jouself en wees positief oor jouself.			
AANTAL WOORDE:			73
TOTAAL AFDELING B:			10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Nasien van taalstrukture en -konvensies

- **Spelling**
 - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
 - In volsin-antwoorde word die spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - Waar 'n afkorting getoets word, moet die punte op die regte plek wees.
- **Sinskontruksies** moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksies aangedui.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

3.1	Die deelteken dui (die begin van) 'n nuwe lettergreep aan.✓		(1)
3.2	Net soos✓ (Beide woorde vir die punt.)		(1)
3.3	3.3.1	Die bokke./Die uitbeelding van die bokke as feesgangers.✓	(1)
	3.3.2	kunstepees/bierpees/kunstepees✓ (Enige soortgelyke aanvaarbare samestelling.)	(1)
3.4	Die koppelteken word gebruik in die verbinding van 'n afkorting met 'n syfer/getal.✓		(1)
3.5	ter✓		(1)
3.6	driehonderd en vyftig Rand/rand of driehonderd-en-vyftig Rand/rand✓ ("Rand" moet deel van die antwoord wees.)		(1)
3.7	Vroegoggend✓ (Ignoreer spelling)		(1)
3.8	Duur/waardevolle✓ (Die antwoord moet binne die konteks pas, daarom kan <i>waardevol</i> nie aanvaar word nie.)		(1)
3.9	spesiále✓		(1)
	TOTAAL VRAAG 3:		10

VRAAG 4: STROKIE

4.1	hane	(1)
4.2	“om te herstel”✓ (Die infinitief moet volledig aangedui word.)	(1)
4.3	Hulle bespreek die beste planne/beraam planne/redeneer oor wat die beste metode sal wees.✓	(1)
4.4	Die klank word kort uitgespreek./Dit dui daarop dat die -o 'n kort klank is.✓	(1)
4.5	Die manne is lui/wil nie die dak herstel nie.✓	(1)
4.6	duie✓	(1)
4.7	Die klank van die nuwe fluit is klokhelder.✓	(1)
4.8	Stemtoets/toets wat afgelê word om te hoor of hy goed genoeg sing om aan <i>Idols</i> deel te neem.✓	(1)
4.9	Man, as dit nie 'n oudisie vir <i>Idols</i> was nie , het hy nie uitgeval nie .✓ (Die hele sin moet in die ontkennde vorm wees.)	(1)
4.10	<u>uitgeval</u> ✓ (Geen punt indien die diftong nie onderstreep is nie.)	(1)
	TOTAAL VRAAG 4:	10

VRAAG 5: ARTIKEL

5.1	Die uitdrukking “a tot z” dui daarop dat dit alle inligting oor slaap verskaf./Die letters “Zzzz” word tradisioneel gebruik om op slaap te dui.✓ (Enige EEN.)	(1)
5.2	Eeu✓	(1)
5.3	“Nege-uur” dui op horlosietyd (09:00 of 21:00),✓ terwyl “nege uur” aantoon hoe lank iets geduur het.✓	(2)
5.4	kwyn✓	(1)
5.5	Piet Vermaak sê dat slaap nie net help om die geheue te rangskik nie, maar ook (help) om die brein te verfris en om leervermë te verbeter.✓ (Korrekte woordorde.)	(1)
5.6	Dit is die amptelike naam van die laboratorium en word dus nie vertaal nie.✓	(1)
5.7	Hy pas die klere aan voordat hy dit koop./Hy pas nie goed by die veranderde omstandighede aan nie.✓ (Indien die deeltjiewerkwoord nie geskei word in die sin nie, is dit NIE 'n selfstandige werkwoord NIE.)	(1)
5.8	So moenie hierdie belangrike deel van jou lewe afskeep nie.	(1)
5.9	insomnia✓	(1)
	TOTAAL VRAAG 5:	10